

Sing vooraf staande: Psalm 86:2, 6 (p. 431)

- 2 Wie is tog, soos U, weldadig? / Wees my dan, o HEER, genadig,
want my roepstem en geklag / klim tot U die ganse dag.
Hoor my in my sielsverlange; / gee my vreugde en vreugdesange;
want ek hef my hart en oog, / troue God, tot U omhoog.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 138:1, 3 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 3 Dan breek hul saam in sangstem uit; / 'n lofgeluid klink U dan teë.
Want groot is God in heerlijkheid; / sy majesteit in al sy weë.
Hy slaan, hoewel oneindig hoog, / op hul die oog wat needrig lewe.
Maar sien van ver die kleinheid aan / van grootheidswaan wat hoog wil strewe.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 139:1, 12 (p. 674)

- 1 Daar 's niks voor U bedek, o HEER! / U skou uit eewge dieptes neer
en sien my hart en wandel aan: / al wat ek doen, my sit en staan,
of wat in my diep weggesink het – / U weet al wat my hart bedink het.
- 12 Deurgrond, o Heer, en ken die swart, / verborge dieptes van my hart;
of diep in my, waar U kan lees, / 'n skadelike weg mog wees.
En lei voortaan my wank'le skrede / tog op die weg van eewge vrede.

Gebed

Psalm 32:3, 4 (p. 152)

- 3 Ek het bely, o HEER – in sielerou nie / my hart gegrendel of my mond weerhou nie.
Ek het bely wat my van U vervreem, / U het my skuld genadig weggeneem.
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes / om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;
die lewensee mag met sy golwe slaan, / dit deer hul nie, dit raak hul selfs nie aan.
- 4 U is dit, HEER, wat tot my hulp gereed is, / 'n skut en skerm in alle angs en leed is,
in nood my red, met jubels my omring, / en in my gees weer vreugde laat ontspring.
Maar nee, o God, u goedheid reik nog verder! / U sê: Ek wil jou oppas soos 'n herder,
en wil jou voet op veil'ge pad laat gaan, / waarop my oog jou altyd gadeslaan.

Skriflesing: Genesis 6:5-22

Kernverse: Genesis 6:8

Maar Noag is deur die Here (HERE) begenadig.
(Genesis 6:8 AFR83)

Tema: God se genade vir die mens is onbeskryflik groot

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons wat kinders het, sal weet watter hartseer en pyn 'n mens soms beleef as gevolg van jou kinders. 'n Mens beleef veral hartseer en pyn wanneer jou kind, wat jy baie liefhet, ondanks al jou waarskuwings tog hardkoppig en eiewys besluit om presies te doen waarteen jy hom gewaarsku het. Hierdie pyn en hartseer is veral baie erg as jy weet dat jy na die beste van jou vermoë en ten spyte van al jou gebreke en swakhede jou kind in die vrese van die Here opgevoed het. En dan op 'n dag lyk dit asof hy al daardie opvoeding in jou gesig terugsmyt. Wat maak jy dan met jou kind? Of wat maak jy met jou kind wat jou nie meer in ag neem nie en teen jou in opstand kom, selfs nadat jy baie duidelik aan hom die grense verduidelik het waarbinne die Here wil hê dat hy behoort te leef.

'n Mens word hartseer en tegelykertyd kwaad wanneer sulke dinge gebeur. Sal jy jou kind nou foeter of maar weer mooipraat? Ja wel, as die kind nog klein is en kort-kort toets of die grense nog op dieselfde plek is, kan en moet 'n mens sekerlik tug. Maar dan tug 'n mens met liefde omdat jy vir jou kind lief is en nie wil hê dat hy van die Here se weg afvallig word nie. Maar wat maak jy nou as jou kind selfs na al die waarskuwings en na al die liefdevolle tugtiging jou nog minag en in opstand kom? Skryf jy jou kind af, los jy hom nou maar dat hy sy kop kan gaan stamp, verwerp jy hom en jaag jy hom weg?

Geliefdes, gelukkig en begenadig is ons wat nog nie sulke hartseer beleef het nie. Alhoewel ons miskien nog nie sulke hartseer beleef het nie, kan ons tog iets verstaan van die hartseer wat mense het met wie sulke dinge reeds gebeur het. En hulle wat al sulke hartseer beleef het, sal 'n ietsie van die droefheid van die Here begryp waarvan ons in Genesis 6 lees.

Broers, susters en kinders, die Here het van die begin af nog net in liefde en trou opgetree teenoor die mens en sy hele skepping. Elke ster, die son en die maan, elke dier, vis en voël en elke plant was volmaak toe God al hierdie dinge geskep het. Sy hele skepping was goed, presies soos wat Hy dit wou gehad het. Maar daar het nog iets kortgekom in die skepping om dit baie goed te maak – die mens. Toe het God die mens geskep, man en vrou het Hy hulle na sy beeld geskep. Hulle was volmaak en regverdig, dit wil sê sonder sonde, opreg teenoor mekaar en getrou in hulle verhouding met God hulle Skepper en hulle Vader. En nadat God ook die mens geskep het, het Hy na alles gekyk wat Hy gemaak het, en dit was baie goed.

So wou God dit ook laat bly. Daarom gee Hy aan die mens die opdrag om die skepping te bewerk en op te pas. En God wou hê dat die mens gewillig aan Hom, hulle Skepper en Vader, gehoorsaam moet bly. Daarom het God by al die goeie gawes wat die mens volmaak gemaak het ook sy grens van liefde gestel. Van die boom van kennis van goed en kwaad mag die mens nie eet nie. Indien hulle hieraan gehoorsaam bly, sal hulle bly lewe en die ewige lewe ook verkry. Alles was toe presies soos God dit wou gehad het – volmaak en baie goed.

Wanneer die Heilige Gees vir ons hier in Genesis 6 sê dat God weer na die aarde kyk, soos wat Hy daarna gekyk het nadat alles geskep is, lyk alles so anders as wat God dit gemaak het. Die aarde **was korrup en elke mens op aarde se lewe was verrot** (Genesis 6:12 AFR83). Die hele skepping wat goed, volmaak en mooi was, het nou sleg, korrup en vrot geword. 'n Mens hoor en sien sommer die teleurstelling in wat die Here opmerk wanneer Hy na die aarde kyk. Uit die wanorde en onbewoonbaarheid van die aarde aan die begin het Hy 'n baie goeie skepping daargestel waarin alles in goeie orde gewerk het. En nou het die kroon van God se skepping – die mens – die goeie orde in chaos omgekeer, want die aarde is korrup in die oë van God. Alles wat goed en reg en volmaak was, is deur die mens afgebreek sodat daar net bouvalle oorgebly het. Die aarde was vol geweld. Hoe kon dit gebeur het? Kon die Here dit nie keer nie?

Geliefdes, hier in die woorde van Genesis 6 noem die Heilige Gees die toppunt, of miskien moet ons eerder sê die allerlaagste punt, van die mens se aanhoudende geweier om binne die grense van God se liefde te leef. Ons ontmoet hierdie hardkoppige en eiewillige houding van die mens reeds in die tuin van die Here. Daar weier die man en sy vrou om gehoorsaam te bly aan die Here toe hulle besluit het om eerder na die Satan te luister en wel van die verbode boom se vrugte te eet. Hieroor het God die mens nie toe verwerp nie. Hy het hulle geoordeel en steeds genade aan hulle bewys. Die mens en sy vrou mag nog lewe en kinders hê ondanks die swaarkry wat hulle ly as gevolg van hulle sonde. Hulle mag nog lewe en kinders hê, want die nageslag van die vrou moet die slang se kop vermorsel.

Maar die kinders was net so hardkoppig en eiewillig soos hulle ouers. Aan Kain gee die Here uit genade weer sy grens van liefde: heers oor die sonde in jou lewe sodat dit met jou goed kan gaan. Maar Kain reken dat die Here nie weet hoe verontreg hy voel nie. Daarom weier hy ook hardkoppig om binne hierdie Godgegewe grens te leef en neem sy broer se lewe wat aan God behoort. Hoewel die Here aan Kain genade betoon deur hom nog te laat lewe en kinders te hê, gaan hy weg van die Here af. Hierdie eiewillige weggaan van die Here af lei daartoe dat Kain se hele nageslag ontaard.

Hulle gebruik die gawes wat die Here vir hulle in sy algemene genade nog toelaat om al verder van die Here af weg te gaan. Lameg uit Kain se nageslag is nie meer tevrede met die grens wat die Here gestel het vir die huwelik nie. Hy is nie met net een vrou tevrede nie; hy trou met twee vrouens. Hy gaan selfs sover om die Here se grense vir beskerming wat Hy aan Kain toegesê het vir homself toe te eien. Met geweld gaan hy ver buite die grense wat die Here in genade gestel het. Kain se dood sal sewe maal gewreek word, sê die Here, maar vir Lameg is dit te min. Hy wil hê dat net die besering wat hy ly sewe en sewentig maal gewreek moet word.

Waar die nageslag van Kain onder die besondere genade van die Here uit weggeloop het, het die nageslag van Set as gevolg van die genadige werk van die Heilige Gees onder die besondere genade van die Here gebly. Hulle het die Naam van die Here aangeroep. Hulle het geweet dat hulle uit hulleself nie die krag het om te lewe nie. Daarom soek hulle hulle lewe by God. Van hierdie gelowige geslag noem die Heilige Gees tien geslagte van mense wat die Here gedien het. Dit is mense wat die genade van die Here aangeneem het en met geloof daarop geantwoord het. Sommige van hulle het regtig uitgestyg omdat hulle erns met hulle verhouding met die Here gemaak het. Die Heilige Gees sê dat Henog en Noag met God gewandel het.

En net toe 'n mens van verligting wou sug en sê: dankie tog, daar is mense wat gehoor-saam aan die Here wil lewe en die genade van die Here gelowig beantwoord, hoor ons hierdie skokkende berig. Ook die gelowige geslag het ontaard. Die gelowige nageslag van Set het die ongelowige nageslag van Kain ontmoet. Die gelowiges is beïndruk deur die grootheid en skoonheid van Kain se nageslag en daar het huwelike gekom tussen die twee nageslagte. Nou het daar onder al die mense op die aarde verderf ingetree. Niemand wil meer uit die genade van die Here leef nie. En die boosheid van die mense het 'n ongekende grootheid bereik soos wat daar nog nooit op die aarde was nie. God se genade en trou en liefde word geminag en verlaat. Die sonde het God se mooi skepping in wanorde omgekeer. Die mense wat die kroon van God se baie goeie skepping was, het met hulle sonde alles tot niet gemaak. Die aarde was vol geweld.

Wat moet die hemelse Vader nou met sy mense maak? Gaan Hy al die mense verwerp, verjaag en verdelg? God is immers die Alleenheerser van sy skepping en sy skepsels. Die hele skepping en elke skepsel daarin behoort aan die Here, want Hy is die Skepper daarvan. Hy gaan nie toelaat dat die mens die skepping en homself so aanhoudend verwoes nie. Die hele skepping is die Here s'n en Hy is besorg daarvoor. Vroeër het ons gevra of die Here nie kon keer dat die mens en die aarde so ontaard het nie. Wat egter duidelik word in God se geskiedenis met sy skepsels is dat Hy wel gekeer het, maar die mens wou nie aan die waarskuwings gehoor gee nie. Hulle het die Here se genade in

sy gesig teruggesmyt en hardkoppig en eiewys besluit wat hulle wil doen. En hulle besluit was om alles na wanorde en chaos te laat terugkeer. Die mens het hulleself en die hele skepping laat verrot.

Wanneer God as die Alleenheerser sy oordeel uitspreek, doen Hy wat die mens en sy skepsels al klaar besig is om te doen – vernietiging. Wanneer God sy oordeel uitspreek, bevestig Hy ook dat Hy regverdig is. Hy het gesê dat die straf op die sonde die dood is en daarom voltrek Hy ook die vonnis. Die resultaat van die mens se sonde en boosheid is hulle eie oordeel. As God dan sê dat Hy 'n einde aan alle mense gaan maak, bevestig Hy net wat die mense reeds gedoen he; hulle het hulleself en die skepping reeds vernietig.

Geliefdes, tesame met die openbaring van God as die Alleenheerser oor sy skepping wat as Regter ook daarvoor oordeel, is daar 'n ander lyn wat ons nie mag miskyk nie. Dit is die persoonlike en intieme betrokkenheid van die Here te midde van sy oordeel. En om te sien hoe intiem die Here betrokke is by sy skepping en skepsels moet ons let op die Name van die Here wat in hierdie gedeelte geskryf staan. Wanneer Hy as Regter en Alleenheerser handel, gebruik die Heilige Gees die Naam *God*. Maar wanneer sy persoonlike en intieme verhouding tot sy skepping en skepsels beskryf word, gebruik die Heilige Gees God se Verbondsnaam, *HERE*.

In die gedeeltes waar die Naam *HERE* gebruik word, leer ons die Here ken as die Een wat bedroef en hartseer is oor wat sy mense gedoen het. In menslike emosies beskryf die Heilige Gees die Here se reaksie op wat Hy op die aarde sien. Die mense wat so baie genade en liefde van die Here ontvang het, die mense wat soveel kere geduldig gewys is op die grense wat God in liefde stel waarbinne hulle kan lewe, het die Here bitterlik teleurgestel. Daarom is die Here bedroef. Daarom het Hy hartseer geword oor sy mense. Die mense het nie aan die Here se verwagting voldoen nie, alhoewel hulle daaraan kon voldoen, want die Here was genadig en vol liefde teenoor hulle.

In die woorde van verse 5 tot 7 sien ons so te sê die trane oor die Here se wange rol. Trane wat Hy stort omdat Hy sovele kere vir die mense gesê het: Mens, waarom wil julle sterf? Dit is nie my wil dat die mens moet sterf nie, maar dat hulle hulle bekeer en bly lewe. Dit is trane wat oor die Here se wange rol omdat Hy die pyn en hartseer voel wat die mense oor hulleself gebring het. Trane omdat Hy sien en weet wat die uiteinde van die mens se boosheid is.

En dan sien ons die persoonlike en intieme betrokkenheid van die Here in besonder wanneer die Heilige Gees sê:

Maar Noag is deur die Here begenadig. (Genesis 6:8 AFR83)

Waarom juis Noag, wil ons vra. Het die Here vir Noag begenadig omdat hy regverdig was? Het Noag genade gevind in die oë van die Here omdat hy onder al sy tydgenote onberispelik was en naby God geleef het? Is dit Noag se lewenstyl wat veroorsaak het dat God juis hom gekies het om die nuwe begin met die mensdom te maak?

Inteendeel, geliefdes, die mens wat God gebruik om 'n nuwe begin mee te maak met die aarde, is nie 'n hoog heilige mens nie. Noag was ook maar 'n sondaar. Ons weet almal baie goed wat Noag gedoen het na die sondvloed. Hy het dronk geword. En as die Here die mens na die sondvloed beoordeel, sê Hy:

Van sy jeug af bedink die mens net slegte dinge, maar Ek sal nie weer al wat lewe laat omkom soos ek gedoen het nie. (Genesis 8:21 AFR83)

As ons iemand moes kies met wie die Here nuut moes begin, sou dit seker nie Noag wees nie. In elk geval het Noag eintlik ook maar verdien om saam met al die ander mense in die vloed om te kom. En hy sou ook in die vloed omgekome het as die Here hom nie begenadig het nie. Die Here het gekies om aan Noag besondere genade te bewys.

En deur die kragtige werk van die Heilige Gees in hom het Noag hierdie genade en liefde van die Here met geloof en gehoorsaamheid beantwoord. Broers, susters en kinders, die Here laat ons doelbewus eers hoor van die genade wat die Here aan Noag bewys het voordat ons hoor van Noag se geloof en gehoorsaamheid. Die genade wat Noag ontvang het, het hy nie met sy geloof en gehoorsaamheid verdien nie. Dit is net mooi andersom. Omdat die Here vir Noag begenadig het, het Noag geglo en gehoorsaam onder die Here se gesag gebuig. Noag het 'n persoonlike en intieme verhouding met die Here gehad, want die Here het Noag persoonlik en intiem geken en Hom intiem aan Noag verbind. Die Here se genade vir Noag is waarlik onbeskryflik groot.

Kon die Here nie die totale vernietiging van die aarde gekeer het nie? het ons vroeër gevra. Hier hoor ons dat Hy dit wel gedoen het omdat Hy persoonlik en intiem betrokke is by skepping en sy mens. Die Here het die totale vernietiging gekeer. Hy het Noag begenadig en Noag het die Here se genade met geloof en gehoorsaamheid beantwoord.

Duisende jare na Noag en die sondvloed beoordeel die Here weer sy mense op die aarde. En dan hoor ons weer hierdie skokkende berig:

Daar is nie een wat regverdig is nie ... daar is nie een wat na die wil van God vra nie. Almal het afgedwaal, almal het ontaard. Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie.
(Romeine 3:10, 11, 12 AFR83)

Nadat 'n mens hierdie beoordeling gehoor het, hou jy jou asem op en gespanne wag jy dat God weer as Alleenheerser en Regter die oordeel moet uitspreek.

Maar dan hoor ons die verrassende woord van die Here. Die Here is waarlik getrou en regverdig. Hy is getrou, want Hy doen wat Hy aan Noag gesê het. Hy laat nie al wat lewe weer omkom nie. Hy begenadig die mense nog eers deurdat Hy sy enigste Seun stuur en mens laat word. En die Here is regverdig. Hy laat al die onreg en geweld van die ganse mensdom op Jesus Christus afkom. Aan die kruis tref God Hom met al sy toorn, sy volle oordeel en vloek. Hy verwerp sy eie Seun en jaag Hom die duisternis van Godverlatenheid in oor die sonde van mense wat gestraf moet word.

Nog 'n keer bewys die Here onbeskryflike groot genade. Almal verdien die dood as straf op die sonde, maar die Here Jesus sterf in hulle plek. Geliefdes, nie net Noag word deur die Here begenadig nie. Jy word ook begenadig. Die Here is persoonlik en intiem met jou besig. Nog 'n keer bewys Hy sy genade aan jou. Nog 'n keer tree Hy in liefde met jou op. Nog 'n keer betoon Hy geduld om aan ons die grens te wys waarbinne Hy wil hê ons moet leef.

Hoe gaan ons die Here se onbeskryflike groot genade aan ons beantwoord? Gaan ons onself bekeer en deur die genade van die Here bly lewe? Of gaan ons weer hardkoppig en eiewys sy genade in sy gesig terugsmyt, ons lewe en die skepping verder verwoes totdat God 'n einde aan ons maak as 'n bevestiging van ons optrede teenoor Hom? Let op die Here se trane wat Hy persoonlik en intiem vandag vir ons wys as Hy vir ons sê: Dit is nie my wil dat die mens moet sterf nie.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 11-3:1, 2, 4, 8 (16:1, 2, 4, 8)

- 1 Salig die wat arm van gees is / en van God hul wysheid leer,
want die koninkryk der heemle / is hul erfdeel, sê die Heer.
- 2 Salig die wat kwyn in droefheid, / in hul weedom troosteloos,
want hul droefheid word tot vreugde / as die Heer hul hart vertroos.

- 4 Salig die wat, dors en honger, / smag na die geregtigheid,
want vir hul is daar versading, / laafnis ná die dag van stryd.
- 8 Salig die wat hier vervolgt word / en vir reg en waarheid ly,
want die koninkryk der heemle / is vir hul as loon berei.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
12 Mei 2013